**19 Februarie**
**Skrifgedeelte: Psalm 1 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Psalm 1:1**

## Ons en die wêreld

*Welgeluksalig* is een van die belangrike woorde in die Bybel. Die Psalms begin daarmee en – in ’n Griekse vorm – ook Christus se eerste preek. *Welgeluksalig* beteken iets soos “drie maal gelukkig”, “volkome geseënd”. Dit word geskenk aan hulle wat nié wandel in die raad van die goddelose nie, nié staan op die weg van die sondaars nie en nié sit in die kring van die spotters nie.

Sien jy die agteruitgang? Eers is dit net saamloop, dan gaan staan om te luister en uiteindelik gaan sit in die kring van die spotters. So sterk is die suigkrag van goddeloosheid! Baie spog dat hul weet hoe ver om te gaan: met drank, met spoed, of in die geval van ’n jongman, met ’n meisie se eer. Hul speel met die sonde.

Waar bevind ek my? Het ek dalk al gaan stilstaan? Of is ek reeds goed tuis in die kringe van goddeloosheid? Dan is ek verlore en rampsalig, tensy ek genadekrag ontvang om op te staan, weg te breek, te hardloop na my Vader en te smeek: “Vader, ek het gesondig … Ek is nie meer werd om U seun, U dogter genoem te word nie!”

Vir berouvolle kinders is daar fees. Terug by die Vader ervaar hulle driedubbele geluk, volkome seën. Daar gee die Gees al die versoeningseëninge van Christus en ’n stortvloed van genade en heerlikheid. Dit is welgeluksaligheid.

Waar staan ek in die wêreld? Moet ek dit liewer vermy? Nee, ek kan nie weg van die goddelose leef nie, maar los van die goddelose. Dit is waar my roeping lê.

*Sing: Psalm 1:1, 4 Ds CJ Nagel (Potgietersrus)*